# Hoe moet Christene en Afrikaners nou “Africans” word?

Die enigste motivering wat tot dusver aangevoer is vir die geestelike byeenkoms van 11 Junie 2016 op Orlando stadium in Soweto wat werklike sin maak, is dat hierdie ’n openlike vertoon moes wees van hoe wit Afrikaners nou moet wys dat hulle “Africans” is, en dat alle Christene nou saam “Africans” is.

Hierdie motivering gee perspektief op die rassistiese bedoeling van die organiseerders soos verwoord in hulle eie “memorandum”: “1.4 Sonder (Afrikaanse) sic witmense is die dag sinloos 1.4.1 Dit spreek vanself dat ’n aksie soos die tot niks kom indien daar nie ’n substansiële verteenwoordiging van witmense is nie! 1.4.2 Die ervaring die afgelope 22 jaar het geleer dat (Afrikaanse) sic witmense nie sommer feesdae bywoon nie: daar met doelgerig daarvoor beplan en gemotiveer en logistiek (in besonder vervoer) voor verskaf word. Die boodskap met die verteenwoordiging dié dag is in die hand van die denominasies en hulle gemeentes. Die pleitroep is dat kerke ALLES sal doen om daar te wees. 1.4.3 Die oortuiging leef baie sterk by die rolspelers wat met hierdie beplanning gemoeid is dat indien die rugbywedstryd van die Bulls in Soweto so ’n groot getuienis kon lewer, hoeveel te meer nie die saamtrek van wit en swart voor die aangesig van die Here nie!” (Sien op internet onder “Sing ’n nuwe (Suid-Afrika) lied!” (Ps. 98) 16 Junie 2016

Op hierdie oomblik maak geen ander verduideliking vir hierdie geestelike demonstrasies sin nie. Ons noem ’n paar voorbeelde.

- Om te beweer dat oud wit, Afrikaanse soldate nodig was vir hierdie 40 ste herdenking van Sowetodag, maak nie sin nie. Dit was die polisie wat daardie dag teenwoordig was, nie die weermag nie. Die organiseerders het al klaar dit onbeholpe probeer verduidelik sonder dat dit sin maak.

- Om die byeenkoms as heling vir soldate wat aan Post Traumatiese stres ly voor te gehou het, maak geen sin nie. Massabyeenkomste en openbare demonstrasies is nie behandeling vir PTS nie.

- Om die herdenking van opstand teen oorheersing as versoening te vier, maak net so min sin. Die opstande van 16 Junie 1976 was nie versoening nie. Dit was gewelddadige verset teen die regering wat op daardie stadium nodig was.

- Om Afrikaners te verwyt dat hulle nie nasionale feesdae bywoon nie, en dan die nasionale feesdag van 16 Junie op 11 Junie te vier, maak geen sin nie. Hoe ondersteun jy die viering van nasionale feesdae deur jou eie byeenkoms op ’n ander dag te hou as die nasionale feesdag, in die naam van daardie dag?

- Om historiese monumente se geskiedkundige betekenis te verkerklik om Christelike versoening te simboliseer, is nie versoening met geskiedenis nie.

Dit is die vervalsing van geskiedenis en konfrontasie met kulturele en politieke instellings.

- Om Christene se versoening met mekaar as Christene voor te hou as die oplossing vir al die land se probleme in die nuwe ’n a – Christelike staat en openbare gemeenskap, maak glad nie sin nie. Die diepste ekonomiese krisis waarvoor ons onlangs gestaan het, is nie deur Christene aangespreek of deur Christelike versoening herstel nie.

- Om voor te hou dat ’n openbare demonstrasie van versoening tussen “wittes” en “swartes” (die memorandum se bewoording), die oplossing is van die huidige ellendes van die land, soos in die memorandum uitgespel, maak totaal geen sin nie. Wie wil of kan nog enige van die perversies van ons gemeenskap, van staatsplundering tot anargie, nog aan rassisme toeskryf? Die algemene argeloosheid en woede in die openbare gemeenskap is net nie meer wit op swart of swart op wit nie. Dit gaan oor wie plunderreg het of nie. Daarom vermoor ANC lede mekaar al vir nominasielyste vir die ANC, wat niks met wit en swart te doen het nie.

- Hoe kan daar ’n veertig dae gebedsaksie geloods word vir versoening vandag, met ’n Bybelstudiegids wat uit die Waarheids-en-Versoeningskommissie dae opgestel was, en boon-op nog die polisie van verdag maak? Dit terwyl die instelling wat hierdie literatuur versprei nie verantwoordelikheid vir hierdie literatuur wil aanvaar nie?

Die motivering dat hierdie byeenkoms ’n demonstrasie moet wees van hoe wit Afrikaners, nou as Christene moet wys dat hulle “Africans” is, is die enigste stukkie helderheid binne al hierdie “bedoelings” wat aan hierdie ses maande lange pelgrimstog toegedig word.

Die regte bedoeling van hierdie pelgrimstog is die geestelike demonstrasie en geestelike viering van hierdie nuwe Christelike identiteit, “I am an African”!

Dan maak dit sin dat daar tydens hierdie geestelike demonstrasies geleentheid gegee word vir iemand om te getuig oor hoe hy ’n AWB lid was en toe tot bekering gekom het. Dit is as iemand nog kan onthou wat is die AWB. Dit is die bedoeling van hierdie nuwe pelgrimstog: bekering uit die ou wit Afrikaner identiteit na die nuwe geestelike identiteit “I am na African.”

Die feit dat dit hier sou gaan om “African” te wees wat Christene in ’n openbare erediens moet vier, maak hierdie nuwe identiteit problematies.

Sou dit iets wees wat beskryf wie elke inwoner van Suid Afrika is omdat hy doodeenvoudig ’n inwoner van Suid Afrika is, dan sou niemand seker ernstige probleme met so ’n beskrywing gehad het nie.

Maar dit is nie. Dit word nou iets wat spesifiek wit Afrikaners moet wys in ’n erediens as ’n nuwe Christelike identiteit. Dit gee aan die manier waarop jy dan ’n “African” moet wees ’n spesifieke Christelik- geestelike bedoeling.

Waaroor gaan dit dan?

Dit gaan oor die bekéring van een geestelike-kulturele identiteit na ’n nuwe geestelike-kulturele identiteit. Dit is tog verwoord in die verklaring “I am an African”, wat tog iets anders as die kerk se geloofsbelydenis is: “Ek behoort aan Jesus Christus.”

Vir die buite stander lyk hierdie nuwe geestelike identiteit wat “wit Afrikaners” nou in massa-erediens op ’n paviljoen moet voorhou, na ’n nuwe magsdroom. Bekering van een kulturele identiteit na die nuwe “African” identiteit, is nou die kwalifikasie om deel van die land en gemeenskap te mag wees.

Daarmee word ’n baie spesifieke bekeringsopvatting die grondslag vir ’n nuwe Suid Afrikaanse gemeenskap. Dit is blyk duidelik daarin dat die organiseerders van ’n Psalm uit die Bybel ’n nuwe geestelike, nasionale lied maak: “Sing ’n nuwe (Suid-Afrika) lied”, terwyl ons tog reeds ’n nasionale lied het. Net soos hulle nuwe geestelike betekenis aan monumente en geskiedenis wil gee, wil hulle nou ook ’n nuwe nasionale lied hê!

Dit is hoekom die entoesiaste vir hierdie geestelike pelgrimstog die Pinkster-Charismatiese groeperinge en leiers is, soos deur die organiseerders betrek: “Victorious Women in Christ”, “Turn2God Ministries”, “Jericho Mure”, dr Isak Burger en ds. Dirkie van der Spuy. Hulle is die aandrywers van hierdie tipe misplaasde geestelike bekering: “God sal jou en die land red en seën as jy tot bekering kom.”

Hierdie motivering is die enigste verduideliking oor die bedoeling van hierdie geestelike pelgrimstog, wat vir die gewone redelike mens en vir die verantwoordelike gelowige, duidelikheid gee. Dit aan die een kant, maar aan die ander kant skep hierdie helderheid meer vrae as antwoorde. Antwoorde wat die organiseerders van hierdie pelgrimstog die hele Afrikaanse gemeenskap verskuldig is. Dit is tog die wit Afrikaners wat as kulturele gemeenskap die teiken van hierdie kulturele identiteitsverandering, of dan te wel ’n geestelike kulturele identiteitsverandering, is. Dit is hoe hulle in die bedoeling van die organiseerders uitgesonder word.

Op dieselfde wyse moet hierdie geestelikes aan die hele Christelike kerk ook antwoorde gee. Want hierdie nuwe identiteit word spesifiek as ’n “Christelike

identiteit" gevier in 'n Christelike erediens. Die veronderstelling is dan tog dat nie-Christene van hierdie nuwe geestelike identiteit uitgesluit sou wees.

Die sameroepers van hierdie inisiatief moet aan mense in verstaanbare en verantwoordbare taal verduidelik wat in hierdie pelgrimstog van hulle verwag word! Ook van die "wit Afrikaners" wat spesifiek hierdie rassegroep dan moet verteenwoordig.

Die volgende moet vir mekaar gesê en verduidelik word:

- Waarvan moet hierdie Afrikaners hulle bekeer om ook die verklaring te kan aflê dat hulle nie meer wit Afrikaners nie, maar "Africans" is?
- Hoe moet jy wees om 'n "African" te kan wees?
- Is hierdie verandering van 'n kulturele identiteit 'n Christelike bekering wat aan lidmate as 'n vereisde van God aan hulle gestel word?
- Hoe verskil dit van die ou bekeringsvroomheid waarin van Venda -, Zoeloe -, Sotho -, Shangaan – en Xhosagemeenskappe verwag is om hulle van hul gemeenskapsidentiteit na 'n Westerse kulturele identiteit te bekeer?
- Wat is die verband tussen hierdie tipe bekering en die oplossing van die sosiale ellendes in Suid Afrika?

Hierdie nuwe identiteit wat Christene nou eers moet hê om 'n versoende Christen in hierdie land moet wees, is tog 'n openbare saak. Dit is tog seker nie 'n heimlike saak wat net ingewyde geestelikes eintlik kan verstaan en van kan praat nie.

Meer nog, as die Afrikaanse gemeenskap volgens die organiseerders dan 'n nuwe identiteit moet hê om versoende Christene te kan wees, dan moet dit tog 'n saak wees wat aan die hele Afrikaanse gemeenskap vir oorweging voorgelê moet word!

Anders bly dit net 'n droom vir ingewyde bekeerdes wat die bedoeling en taal ken van hulle geestelike leiers terwyl gewone Christene en Afrikaners dit net sou kan verstaan ná hulle nuwe tipe "bekering".

Dit is noodsaaklik om hierdie nuwe geestelike kulturele identiteit wat "wit Afrikaners" nou in eredienste moet demonstreer, met ons almal openlik te deel. Verduidelik dit ook aan alle Christene uit elke taal en kultuur voor daar van hulle verwag word om hierdie nuwe geestelike kulturele identiteit op paviljoene en in straatmarse agter geestelikes aan te moet demonstreer. Dit is net billik!

Die Webwerf In gesprek ngkerklevubu.co.za